

BEROEPENUUS—geen nuus ontvang
Beroepe ontvang

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

TINKINKIETAAL VAN TOTIUS—deur wyle prof. PW Buys (5) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Kort daarna het die politieke onenigheid tussen dieselfde Afrikaners met groot heftigheid uitgeslaan. Totius het sy regverdige siel daarvoor gepynig dat hy 'n aandeel gehad het in die plegtige vredesverklaring wat nou in 'n klug ontaard het. Eindelik het by 'n verklaring uitgereik waarin hy die twistende partye daaraan herinner het wat hulle voor die aangesig van God op Monumentkoppie belowe het, Die ontroering, ek wil byna sê heilige toorn, wat uit hierdie stuk spreek, gryp 'n mans vandag nog in die hart. Dit is maar een konkrete voorbeeld van hoe hierdie klein mannetjie met sy "tinktinkietaal" die volk daaraan herinner het hoe groot God is. Daar is talle ander.

Toerusting

Van die toerusting wat God aan Totius gegee het om sy roeping te vervul, het hy hom ook al as jongman rekenskap gegee. Dit gaan hier nie in die eerste plek om sy groot intellektuele gewas en wetenskaplike opleiding en veel-sydigheid nie (hy was so tuis in verskeie rigtinge dat hy omtrent elke vak wat destyds aan die P.U.K. gegee is, op een of anger tydstep gedoseer het!). Nee, Totius het iets anders besit wat hom in die vervulling van sy roeping ten dienste gestaan het. 'n Mens sou dit sy profetiese gawe, sy sieners- aanleg kon noem. Hyself was ootmoedig bewus daarvan soos uit die volgende blyk.

In 1911 het hy 'n lesing met die titel "De dichter als ziener" voor die Akademie vir Taal en Lettere gelewer. 'n Mens sou dit kon noem sy literêre geloofsbelijdenis. Hy haal die blinde Milton aan:

*So much the rather thou, /Celestial Light, /Shine inward, and the mind /through all her powers /irradiate, **there plant eyes: all mist from thence/ Purge and disperse: that I might see and tell/ Of things invisible to mortal sight.. Word vervolg...***

Vandag – Marietjie Buys 0827373474	31/10– Henta Mulder 0833052980
28/10– Ds. Andries Mulder 0833055180	31/10– Boere Smith 0834823303
28/10– Annemaria van Staden 0721237049	31/10– Bennie Swanepoel 0847149814
29/10– Willem Beyneveldt 0760375721	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Ons twee sou nog die vrede bewaar het, maar ek het ook naderhand kwaad geword
– CJ Langenhoven

Baie geluk met
u verjaarsdag


Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

**www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

27 Oktober 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)
(Hervormingsondag)

Skriflesing: Lukas 21:7-19; 25-28

Teks: Lukas 21:13

Sing: Ps. 18:1,8; Ps. 119:60; Ps. 146:7,8;
Ps. 114:1,4

WAAROP DIT UITLOOP

En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis...
Hoekom nou só n teks?! Om baie redes wat ons by die herdenking aan die Hervorming nie kan verbygaan nie.

Ons het in Lukas 21 te doen met dinge wat besonder negatief gaan uitwerk. Daardie negatiewe omstandighede in Lukas laat ons besef hoe dinge uitloop...

Daar is ook die ander uitloop wat op hierdie Hervormingsondag so 'n groot saak vir ons moet wees, as ons besef die positiewe uitloop, die positiewe ontluiking wat hier staan...

Dit gaan primêr oor waarop dinge kan uitloop... Dit is eintlik in die Grieks 'n interessante woordjie, hierdie woord **uitloop...** - apobaino.

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)

Skriflesing: 1 Johannes 4:7—5;
Johannes 15:10; Jesaja 44:6-8

Kategismus: Sondag 34

Teks: 1 Johannes 4:8,16,19; 5:2-3

Sing: Ps. 119:22,28; Ps. 72:11;
Ps. 145:1,12

SY GEBOOIE IS NIE SWAAR NIE

Hoe wonderlik om te mag weet, ons as mense gaan deur ons belydenis na die Here se Wet gebring word, ons belydenis is die vleuels waarmee ons gaan opstyg na die hoogste punte in God se HEERLIKE Wet openbaring.

Uit eie krag, met ons eie insig en ervaring sou ons nooit so ver gekom het nie, daarom het ons ook 'n belydenis wat ons daarby gaan bring.

Die twee gedagtes wat u dan maar kan vasknoop is dat God se Wet 'n wonder is. En in die tweede plek – God se Wet is heerlijkheid.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
0012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 6 en 7

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico van der Dussen
Diakens:

Volgende Sondag (03/11) – Wyke 8 en 10

Ouderlinge: Ulbe de Ronde
Diakens: Nico Venter

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Dries Badenhorst het teëspoed met sy linkeroog opgetel. Ons gebed is dat hy sy sig in die oog mag behou. Ons het verneem sr Marietjie se suster is terminaal siek. Ons dink aan die familie in die sware tyd. Sr **Maryna Theunissen** het geval. Onder omstandighede gaan dit darem al beter. Sy het haar ribbetjie en linkerarm en bene wat alreeds onder behandeling was seergemaak. Ons vertrou dat daar vir haar ook weer spoedige beterskap mag kom. Dit gaan met **Ds. Andries Mulder** onder omstandighede weer heelwat beter. Ons hoop dat die herstel bestendig mag word. Ds. Andries se skoondogter **Christa** het die week weer vir opvolg-besoeke met die kanker-behandeling moes gaan. Ons gebed is dat die uitslae vir hulle gunstig mag wees. Sr **Marthie Steyn** bid ons volkome herstel toe **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Hy kan die naweek moontlik huis-toe kom rondom sy obervasie.. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroom van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons onpuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekie-projek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer 'n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Bybelver-spreiding
2de diens	DVB	Intand-houding
03/11/2013 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week
MATTHEÛS 7:5

7:5, haal eers die balk uit – Eers as ons ons eie sondes begin aanspreek, sal ons bekwaam wees om *met liefde* ons broeders te help.

7:6, pêrels . . . voor die varke – heidene/ onbekeerde sondaars – onreines - word deur Christus geteken in die woorde wat die Jode gewoonlik vir hulle gebruik het. Terwyl 'n broeder in die geloof wel ingestel sal wees om na vermaning te luister, is die ongelowige se instelling nie so nie. Hulle sal nie die heilige en mooie van geestelike waarheid waardeer nie.

Dit is mense wat honger en dors na sonde en ongeërgd is teenoor die geregtigheid in die geloof. Hulle verwerp die Evangelie en is vyandig teenoor die verkondigers. Verklaarders meen dat hierdie woorde bedoel word oor mense wie se teenstand en houding bekend is. Sommiges meen dat verkondiging net moet wees aan die wie se houding onbekend is.

Ons kan nie met die voorgaande siening saamstem nie. Dink bv aan Calvin, wat met die grootste respek in die inleiding van sy Institusie die vyandige Franse koning aangespreek het. Wat Jesus wel bedoel, is dat ons in die verkondiging moet waak dat ons sulke mense nie kans gee om die Evangelie te beskimp nie.

BVA gee hieroor as beter verklaring dat mens nie God se Wet mag onttrag deur sommer enigets toe te laat nie. “Goedkeuring van die kwaad is misbruik van die Wet.” Dit is soos iemand wat 'n geheiligde gawe (offer) vir die honde gee. Die standaard word verlaag en die kwaad word gesterk. Dit is valse oordeel.

7:7-11 dien as verduidelikende tussen-gedagte: tussen die voorafgaande, en v 12, waar 'n besondere optrede teenoor alle mense beveel word. Die Here gee 'n vertroosting oor die verhoring van gebede, en dan bring

Hy in dat, soos God op gebed die goeie gee, ons eie instelling ook moet wees teenoor die naaste. Dit verduidelik hoe die Koninkryk gesoek moet word.

7:7-8, bid/ontvang...soek/vind...klop/ oopgemaak –die erns waarmee van God gevra word, word met hierdie woorde in klimmende dringendheid geteken. Die drie woorde, bid, soek en klop (in v 7) word in v 8 aangevul met wat by die gebedshouding sal gebeur.

7:9-10, as sy seun hom brood vra – Aardse ouers se sorg word gebruik om die mense God se Vadersorg beter te leer begryp. Hy gee wat werklik versadig en voorsien wat werklik nodig is – nie noodwendig presies wat ons vra nie.

7:11, wat sleg is – die bose aard en morele waardeloosheid van die mens word beklemtoon. As sulkes dan vir hulle kinders sorg, hoeveel meer nie God nie.

Hierdie gedeelte sluit aan by vs 1-5, oor die oordeel van ander. In God se gawes moet Sy vergiffenis van skulde gesien word.

7:12, aan hulle ook doen – Hierdie woorde som vs 1-11 op. Jou oordeel en jou gawes aan ander vereis 'n nuwe gees. So kom die liefde, die vervulling van die Wet, na vore. Christus het waarlik gekom as vervulling van die Wet en die Profete.

7:13, gaan in – Die woorde wat Jesus gebruik, druk energie en vasbeslotenheid uit.

die nou poort – In Luk 13:23-24 hoor ons Jesus byna hierdie selfde woorde gebruik in antwoord op die vraag of die wat gered word min is. Dan sê Hy hierby: “Stry hard”. Baie sal **probeer** ingaan, en nie in staat wees nie. In v 21 hoor ons wie wel sal ingaan: dié wat God se wil doen. In Matt 19:24 kom hierby dat dit makliker is “vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan . . .”, in verband met rykes. Voeg hierby weer die bekende woorde van laastes wat eerste sal wees en eerstes laaste.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

22 Okt. 1847– Genl. JH de la Rey gebore; 25 Okt. 1838– Louis Trichardt oorlede; 26 Okt. 1854– Die Makopane moorde, waar Hermanus Potgieter– genl. AH Potgieter se broer vermoor is; 28 Okt. 1629–Maria van Riebeeck gebore; 29 Okt. 1944– Afrikaanse Psalmberymings in ontvangs geneem; 31 Okt. 1517–Martin Luther spyker sy 95 stelling teen kerkdeur vas; 2 Nov. 1804– Opening van eerste sinode Kaapstad; 3 Nov. 1568– Konvent van Wezel; 5 Nov. 1837– Piet Retief kom by Dingaan aan; 6 Nov. 1834– Potgieter se lyk deur Paul Kruger uitgedra; 7 Nov. 1497- Vasco de Game kom te St Helenabaai; 7 Nov. 1858– DsDirk Postma preek vir die eerste keer in ZAR te Buffeldoorns; 8 Nov. 1920– Dr. Abraham Kuyper oorlede; 8 Nov. 1697– Stellenbosch word aangelê; 10 Nov. 1482– Martin Luther gebore; 10 Nov. 1858– Dirk Postma kom op Rustenburg aan; 10 Nov. 1864– Oprigting van eerste kerkskool Rustenburg; 12 Nov. 1780– Piet Retief gebore